Droom vir Wellington - Nuusbrief no 2

Ai dit is darem lekker om die son weer op ons lywe te voel! Wonderlik hoe die begin van Lente weer vir ‘n mens nuwe lewenslus gee!

Goeie Nuus vir Dromers: * Lumé Kwekery en Kerk- en Hoofstrate bied vanaf Saterdag 8 September tot en met Saterdag 27 Oktober, elke Saterdag, 10% afslag op alle Droom aankope . Gaan kyk gerus na al die nuwe saailinge en pragtige potte. Kontakpersoon Hannie Rossouw by 084 702 1877
*Kropmans – kontakpersoon Mnr Morkel 10 – 15 % afslag indien jy verf aankoop om te Droom.
*By Wilmar Bouhandel gesels jy met Fanus Mostert as jy wil Droom.

Dit was ons ervaring dat meeste instansies bereid is om afslag te gee op groot aankope, so kry jou bure bymekaar en doen julle aankope saam.

Daar is inwoners in Wellington wat lankal reeds Droom. Hierdie is mense wat besluit het om eienaarskap te neem van hulle omgewing. Hulle doen ipv om net te droom of te kla en sonder om dit aan die groot klok te hang. Ons gee graag erkenning aan hulle en sê baie dankie!

Lions Rommelprojek

Elke tweede Saterdag vat die Lions, (organiseer, hou toesig, verskaf middagete) Korrektiewedienste (gee werkers) en die Munisipaliteit (gee sakke, handskoene en laai die sakke op),hande om die ingange na Wellington skoon te maak. Hulle werk vanaf Mbekweni Shoprite tot by die begraafplaas, Champagnestraat af, Stokeryweg tot by die Railway Hotel dan Hoofstraat op tot by die begraafplaas. Wanneer hulle kan, werk hulle ook vanaf Bainskloof en

af in Kerkstraat. Sekere Saterdae probeer hulle ook die veld rondom Checkers skoonmaak. Daar word elke keer tussen 80 en 120 sakke vullis opgetel! Chris Booysen is hier die koördineerder

ATKV

Die ATKV het op die hoeke van Knoopstraat en Bloekomlaan tuingemaak. Die onkruid het begin groei en Aunty Patricia, wat afgetree is en lief is vir tuinmaak, het saam met ander inwoners ingespring en netjies gemaak. Hulle onderhou nou self die tuintjies. Die ATKV in samewerking met die sakekamer en die munisipaliteit gaan ook Victoriapark verfraai.

Verfraaiingskomitee

Die verfraaiingskomitee is al jare aan die werk, nie net om die dorp te verfraai en bome te plant nie, maar werk nou saam met die munisipaliteit om ‘n oog te hou oor ons natuurerfenis. Ilse en Mattie het in die afgelope twee weke alreeds aan die werk gespring by die Bainskloof stop, die museum se tuintjie en hulle rondom hulle eie wonings. Op 5 September word daar bome vir skadu langs die voetpad van die begraafplaas geplant. St Georges Plein is hulle 2012 projek.

Munisipaliteit

Dit is so maklik om die munisipaliteit te kritiseer maar kyk net hier. ‘n Inwoner skakel om drie gate in die padoppervlak aan te meld. Dit was gedurende ons dae van reën. Die eerste sonskyndag word die gate herstel. Op die hoek van Murray- en Jan v Riebeeckstrate was daar ‘n stuk geroeste pyp wat gevaarlik uit die grond uitgesteek het. Vermoedelik ‘n oorblyfsel van ‘n vorige stopteken. Die oggend word dit aangemeld en die middag is Grenville en sy kollega daar om die pyp af te sny en toe te maak onder die oppervlak. Die probleem was lank daar en op ‘n plek waar skoolkinders gereeld stap. Een inwoner se eienaarskap het dit weer veilig gemaak.

Die veld langs First Love kerk se gras is gesny. Hier staan Dawie van Wyk trots na die werk afgehandel is. Die grond behoort aan openbare werke en spesiale toestemming is deur die munisipaliteit verkry om die gras vir ons te sny.

‘n Wonderlike storie kom van die inwoners van 2de Laan. Dit het alles begin met Hentie en sy vrou wat bome en ander plante op hulle sypaadjie geplant het, nadat hulle ‘n grensmuur gebou het. Hulle het vir ons daarvan laat weet en ons het ‘n foto geneem en daarmee gespog op ons laaste vergadering. Lang storie kort – Hennie en Louise Grobler het die parkie aangeneem, Hentie en buurman Willem het dit op hulself geneem om ‘n brief te skryf aan die inwoners rondom hulle en almal genooi om saam te droom. Daar word al klaar

gespog dat 2de Laan die mooiste straat in Wellington gaan word. Wat dink julle gaan met hulle eiendomme se waardasies gebeur?

Voor Na

Daar is nog vele voorbeelde in Wellington van inwoners wat eienaarskap neem van probleme en nie wag dat “hulle” iets daaraan moet doen nie. Onthou dit gaan ook daaroor om verantwoordelikheid te neem vir die veiligheid van ons almal en dit wat ons sien verkeerd is aan te meld, maar die eienaarskap kom by die moeiliker deel – jy moet dit aanhou opvolg totdat dit uitgesorteer is.

Onthou ons droom nou almal aanmekaar, maar die groter projekte wat ons wil afhandel teen einde Oktober is :

*1ste Stop by Bainskloofingang – Dankie aan die Tuinbouklub, Rapportryers saam die Voortrekkers, Mattie en Ilse wat daar aan die werk spring.

* ‘n Laning bome word by die voetpad van die begraafplaas geplant vir skaduwee – Verfraaiing se boomplantdag 5 Sept

* Hoek van Murray en Jan van Riebeeckstrate – Inwoners van Murraystraat.

* Babakamer van die Mac Crone dagkliniek – Tessa en die kunsvereeniging

* Verf van ten minste een besigheidsperseel

*St Georges Plein

So het jy al begin droom? Laat weet ons asseblief. Ons wil met jou spog maar meer belangrik is dat jy dien as motivering vir ander om ook te Droom.

BELANGRIK : Indien jy nie meer ons nuusbrief wil ontvang nie druk net “reply” , tik in die onderwerp lyn “Nagmerrie!” en ons verwyder jou dadelik van ons epos adreslys.

Groete tot volgende keer

Mattie stay@wellington-accommodation.com Anthea anthea@ibits.co.za
Linda lindamul@telkomsa.net